**PALMSONDAG: SESDE Lydensondag**
**Hosanna ~ Here, verlos ons tog!**

Tekste: Gesang 166: 1; Matteus 5:6, 2022; Romeine 10:14-15, 2022; Romeine 10:9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 21: 1-11, 1983.
Liedere: Gesang 165: 1-2; Gesang 562: 1, 3 en 4; VONKK 17: 1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

## AANKONDIGINGS:

- Ons gemeente se missionale projek, die webblad, het nog 10,000 besoeke vir 2026 se eerste drie maande aangeteken. Dus, 50,000+ besoeke. Dit is vir my interessant dat die Oekraine en Iran onder die top 10 besoekende lande tel. Loer gerus na dit wat die meeste op die webblad, www.nhzuurfontein.org, gelees word. Gaan krap sommer self rond op die blad.
- Hartlik Geluk aan almal wat hierdie week verjaar! Vandag, 29 Maart, verjaar Rikus Lubbe. Maandag 30 Maart verjaar Elize Bornman en haar dogter Johanné Bornman. Woensdag 1 April, Marius Botha. Donderdag 2 April, tannie Stienie Botha. Vrydag 3 April Jakes le Roux. Saterdag 4 April is dit Marinda Grobler, Michelle du Toit en Wanya Janse van Rensburg se beurt. Ons dank die Here vir al hierdie genade en wens julle net die mooiste en gesondste dae vorentoe.
- DIE BYBEL GENEES projek het ook effens gegroei na R1,608.06. Ek voel egter ons moet weer bietjie

ekstra moeite hiermee doen. Kom ons gebruik die geleentheid.

## LIEF & LEED:

- Elsie van Eeden gaan hierdie week weer as buitepasiënt na Pretoria Oos hospitaal vir chemo.
- Tannie Elsa de Beer het laat weet dat oom Hennie Kukkuk hierdie week maar siekerig en in die bed was.

## KLOK:

Gemeente van die Here, op hierdie Palmsondag staan ons op die drempel van ons Christelike geloof. Ons verwelkom Christus soos die skare van ouds met hul “Hosanna!”, maar ons weet ook dat hierdie pad Hom lei na die kruis. Dit is die sesde week van die Lydenstyd – ’n week waarin die lig nog verder verdof, en ons meer en meer die diepte van Christus se liefde en opoffering opnuut besef. Vandag word ons weer geroep om eerlik na onsself te kyk, om die ou mens uit te trek en die nuwe mens aan te trek. Ons blaas simbolies ses kerse dood –

een vir elke week van die lydenstyd – ons doen dit as teken van die toenemende donkerte op die pad na Golgota. Selfs in hierdie donkerte hou ons vas aan die hoop: die hoop dat die Lig nie uitgedoof sal word nie, maar deur die kruis heen helder sal deurbreek in ons lewens.

Hosanna – Here, verlos ons tog!

## TOETREDE:

Ons staan vir 'n toetrede lied Gesang 165: 1-2 ~ O wat 'n vreugde in ons harte; direk daarna die votum en die seëngroet.

## Gesang 165: 1-2 ~ O wat 'n vreugde in ons harte.

## VOTUM:

Kom, Heilige Gees, wees U self teenwoordig hier by ons; ons is hier saam in Jesus Naam. Kom van die Vader! (Gesang 166: 1).

Tekste: Gesang 166: 1; Matteus 5:6, 2022; Romeine 10:14-15, 2022; Romeine 10:9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 21: 1-11, 1983.
Liedere: Gesang 165: 1-2; Gesang 562: 1, 3 en 4; VONKK 17: 1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

## SEËN:

Gelukkig en bevoorreg is mense wat honger en dors is om te doen wat reg is, want God sal hulle honger en dors les (Matteus 5:6, 2022).

## LOFLIED:

God het ons met Sy seën gegroet. Laat ons met blydskap daarop antwoord. Kom ons sing tot eer van die Here en wel uit Gesang 562: 1, 3 en 4 ~ Aan U, o God, my dankgesange.

## WET:

Seker een van die bekendste skrywers in die Nuwe Testament is Paulus. ‘n Man wat na sy bekering op pad na Damaskus sy hele lewe vir God gegee het. ‘n Man wat tydens drie sendingreise gemeentes gestig het, mense na God toe gelei het en deur sy briewe gelowiges geleer het om in verhouding met God en mekaar te lewe. Romeine 10:14–15, 2022:

---

14Maar hoe kan mense sy Naam aanroep as hulle nie in
Hom glo nie? En hoe kan hulle glo as hulle nie op een of
ander manier van Hom hoor nie? En hoe kan hulle van
Hom hoor sonder dat iemand hulle vertel van God?
15En hoe kan iemand vir mense vertel van God as hulle
nie deur Homself gestuur is nie? Daarom sê die Bybel:
"Hoor net hoe mooi klink die voetstappe van hulle wat die
goeie nuus bekendmaak." Hulle is draers van daardie
goeie nuus wat ware lewe gee.

## SKULDBELYDENIS:

Wanneer mense dit begin doen, verander die wêreld. Die kerk, God se kerk, moet weer haar roeping van God hoor: Gaan na al die mense van die wêreld toe en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle geleer het.

Kom ons sing VONKK 17: 1-2 as skuldbelydenis.

## GENADEVERKONDIGING:

Ons het so pas in ons lied ons sondes voor God bely. Hoor dan God se genade soos dit opgeteken is in

Romeine 10 vers 9 en 10: Daar staan geskrywe: "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered."

Laat ons nou ons geloof bely:

## GELOOFSBELYDENIS:

Ek glo in God die Vader - die Almagtige Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus - Sy eniggebore Seun - ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees - gebore is uit die maagd Maria - wat gely het onder Pontius Pilatus - gekruisig is - gesterwe en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel - en sit aan die regterhand van God - die almagtige Vader - van waar Hy sal kom om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige algemene Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.
AMEN.

Ons het bely dat Jesus deur sy lyding, sterwe en opstanding vir ons die ewige lewe verwerf het. Laat ons nou saam bid.

## GEBED

## INLEIDING:

Lydenstyd strek oor 7 Sondae en 40 werksdae. Dit begin met Aswoensdag. Die laaste week van hierdie lydenstyd begin met Palmsondag. Dit is die Sondag wat Jesus Jerusalem binne gery het op die rug van ‘n donkie.

Maandag was die dag dat Jesus die tempel gereinig het.

Dinsdag het daar stryd gesprekke plaasgevind tussen Jesus, die Fariseërs en die Skrifgeleerdes. En hier het die spanning al meer en meer opgebou.

Woensdag was Jesus in Betanië en daar is Hy ook gesalf met nardus olie, ‘n voorbereiding op die pad wat Hy sou loop en ook herkenning aan Hom as die Koning van alle konings.

Donderdag was Jesus saam met sy dissipels en het Hy die nagmaal ingestel en Hy het ook sy verraaier aangewys. In Getsemane het Hy gaan worstel. Hy is gevange geneem en deur sy dissipels verloën.

Vrydag was Hy voor Pilatus. Daar is Hy ook tereg gestel, gekruisig en is Hy begrawe. Dieselfde skare het nie meer Hosanna geroep nie, maar Kruisig Hom! Kruisig Hom!

Omdat ons vandag Palmsondag vier – die intog in Jerusalem – wil ek vir ons daarvan uit die Bybel lees. Hierdie vertelling kom voor in al vier die evangelies – Matteus, Markus, Lukas en Johannes. Elkeen met hulle eie fokus punte. Daar is verskille en ooreenkomste tussen

hierdie vertellings. Ek kies om vandag vir ons uit Matteus 21: 1-11 te lees:

## DIE INTOG VAN JESUS IN JERUSALEM

*(Mark. 11:1-11; Luk. 19:28-38; Joh. 12:12-19)*

1Toe hulle naby Jerusalem kom en Betfage aan die
Olyfberg bereik, het Jesus twee dissipels vooruit gestuur
2en vir hulle gesê: “Gaan na die dorpie daar reg voor julle,
en net soos julle inkom, sal julle daar 'n donkie kry wat
vasgemaak is, en 'n vul by haar. Maak haar los en bring
hulle vir My. 3En as iemand vir julle iets daaroor sê,
antwoord dan: Die Here het hulle nodig, en Hy sal hulle
gou weer terugstuur.”

4Dit het gebeur sodat die uitspraak van die profeet vervul
sou word: 5“Sê vir Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe;
Hy is nederig en Hy ry op 'n donkie, op die vul van 'n
pakdier.”

6Die twee dissipels het toe vooruit gegaan en gedoen wat
Jesus hulle beveel het. 7Hulle het die donkie en die vul

gebring, van hulle klere op die diere gesit, en Jesus het
opgeklim. 8 Die grootste deel van die skare het van hulle
klere op die pad oopgegooi, en ander het takkies van die
bome afgebreek en dit op die pad gestrooi. 9 Die mense
wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom aan
gekom het, het begin uitroep: "Prys die Seun van Dawid!
Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom
in die hoogste hemel!"

10 Toe Jesus in Jerusalem ingaan, het die hele stad in
beroering gekom en gevra: "Wie is hierdie man?"

11 Die skare het geantwoord: "Dit is die profeet Jesus van
Nasaret in Galilea!"

## PREEK:

Palmsondag neem ons na 'n toneel vol beweging, klank en afwagting. Ons sien die skare, ons hoor die uitroepe (Hosanna!), ons ervaar iets van die opgewondenheid van mense wat glo dat God nou besig is om in te gryp. Hy gaan nou die politieke onreg van hulle tyd uit die weg vee.

Maar wat ons maklik miskyk, is dat hierdie dag waarskynlik nie net oor één intog gaan nie, maar oor twee. Twee optogte, twee leiers, twee koninkryke – en uiteindelik twee radikaal verskillende maniere om na mag, verlossing en die lewe te kyk.

Aan die oostekant van die stad Jerusalem, aan die Olyfberg se kant, ry Jesus die stad binne op ’n donkie. Matteus vertel vir ons hoe die skare hul klere op die pad gooi, hoe hulle palmtakke afbreek en uitroep: Hosanna!

Dit is ’n diep spirituele oomblik, maar ook ’n emosionele een. Die woord Hosanna, beteken immers: *Here, verlos ons tog!* Dit is nie bloot lof nie; dit is ook ’n noodroep. Hierdie mense verlang na verandering. Hulle verlang na redding. Hulle verlang na ’n nuwe werklikheid. Maar net dalk verlang hulle na ‘n politieke verandering, na politieke verlossing, na ‘n nuwe politieke werklikheid waar hulle weer oor hulself regeer.

---

Terselfdertyd, aan die westekant van Jerusalem, speel 'n heel ander toneel af. Die Romeinse goewerneur van Judea, Pontius Pilatus, ry ook die stad binne. Dit was gebruiklik dat die goewerneur tydens groot Joodse feeste, veral die Pasga, in Jerusalem teenwoordig sou wees. Die stad was vol pelgrims, spanning het maklik opgeloop, en Rome wou seker maak dat orde gehandhaaf word. Pilatus sou dus nie alleen gekom het nie. Hy sou vergesel gewees het van soldate, perde, wapens en al die simboliek van keiserlike mag.

Hierdie intog was doelbewus. Dit was nie net 'n logistieke beweging nie; dit was 'n politieke verklaring. Dit het gesê: Rome is in beheer! Moenie dink julle kan rebelleer nie. Moenie vergeet wie regeer nie. Die klank van perde se hoewe, die blink van wapens, die dissipline van soldate – alles het saam 'n boodskap gedra van mag en beheer.

Twee intogte op Palmsondag.

Tekste: Gesang 166: 1; Matteus 5:6, 2022; Romeine 10:14-15, 2022; Romeine 10:9-10, 1983.
Fokus teks: Matteus 21: 1-11, 1983.
Liedere: Gesang 165: 1-2; Gesang 562: 1, 3 en 4; VONKK 17: 1-2; Gesang 268; Psalm 134: 1-2.

---

Aan die een kant: Pilatus op ’n perd, met militêre mag, met geweld as agtergrond, met die keiser se gesag agter hom. Aan die ander kant: Jesus op ’n donkie, sonder wapens, sonder soldate, met net ’n skare gewone mense wat Hom volg. Twee konings. Twee koninkryke. Twee maniere van regeer.

Hierdie kontras is nie toevallig nie. Dit sny reg in die hart van wat Palmsondag beteken. Want die vraag is nie net wat daar gebeur het nie, maar wat dit vir ons beteken – vandag.

Die mense wat Jesus gevolg het, het ’n baie spesifieke verwagting gehad. Hulle het geweet van die profesieë. Hulle het gehoop op ’n Messias. Maar hulle het hierdie Messias binne hulle eie raamwerk verstaan. Hulle het gedink Hy gaan soos Pilatus lyk – net beter en sterker. Aan hulle kant. Iemand wat Rome sou oorwin, wat politieke bevryding sou bring, wat hulle lewens sou verander op ’n sigbare, tasbare manier. En daarom skree hulle: Hosanna! Verlos ons! Red ons! Doen iets!

Hulle moes leer hoe God se verlossing lyk!

Jesus kies doelbewus die donkie, ’n teken van nederigheid en diensbaarheid, nie van militêre oorwinning nie. Hy vervul die profesieë, maar op ’n manier wat die mense nie verwag het nie. Hy kom nie om Rome omver te werp nie; Hy kom om sonde te oorwin. Hy kom nie om politieke strukture te verander nie; Hy kom om harte te verander.

En dit is waar die spanning toeneem!

Die wêreld verstaan mag op een manier – die manier van Pilatus. Mag is sigbaar. Mag is afdwingbaar. Mag maak mense bang. Mag kry sy sin. En aan die ander kant, God se koninkryk werk anders. Jesus wys vir ons dat ware mag nie lê in geweld nie, maar in liefde; nie in beheer nie, maar in oorgawe; nie in oorheersing nie, maar in diens.

En as ons eerlik is, dan besef ons hoe naby ons aan daardie eerste skare is. Ons leef ook in ’n wêreld wat die perd verkies. Ons word daagliks blootgestel aan strukture van mag, aan politieke beloftes, aan ekonomiese druk, aan die idee dat sterker altyd beter is. Ons leer om sukses te meet in terme van beheer en invloed. Selfs in ons geloof kan dit insypel.

En tog kom Jesus… op ’n donkie. Hy kom nie in die eerste plek om al ons behoeftes en begeertes te vervul nie, maar om ons van ons sonde te verlos. Dit beteken dat Hy dikwels anders werk as wat ons verwag. Hy werk stadiger. Dieper. Meer radikaal.

Palmsondag hou vir ons ’n spieël op. Dit vra vir ons: Watter koninkryk verkies jy regtig? Die een van Pilatus, of die een van Jesus?

Dit is maklik om “Hosanna” te roep wanneer Jesus inpas by ons verwagtinge. Maar wat gebeur wanneer Hy dit nie doen nie? Wat gebeur wanneer sy pad deur lyding loop?

Wanneer sy koningskap nie mag vertoon nie, maar selfopoffering vra?

Ons weet wat met die skare gebeur het. Binne dae draai hulle om. Die “Hosanna!” word “Kruisig Hom!” Die probleem was nie dat Jesus verander het nie; die probleem was dat hulle verwagtinge verkeerd was. En dit is ’n waarskuwing vir die kerk van alle tye – ook vir ons hier in Zuurfontein.

Kerkwees beteken nie om God te probeer inpas by ons idees nie. Kerkwees beteken om onsself te laat vorm deur die waarheid van wie Jesus is. Dit beteken om die Koning op die donkie te volg, selfs wanneer dit bots met wat die wêreld vir ons leer. Dit beteken dat ons anders dink, praat en leef.

Ons soek nie mag om te oorheers nie, maar om te dien.
Ons soek nie beheer nie, maar gehoorsaamheid.
Ons soek nie selfverryking nie, maar selfoorgawe.

---

Deur die geskiedenis het die kerk Palmsondag gevier as ’n herinnering aan hierdie waarheid. Of dit nou deur optogte, palmtakke of preke was, die kern het altyd gebly: ons Koning is anders. En elke jaar word ons weer genooi om Hom te herken – en om te kies.

Palmsondag gaan oor ’n keuse:
Tussen twee intogte.
Tussen twee konings.
Tussen twee maniere van lewe.

Jesus ry vandag nog in. Nie deur die poorte van Jerusalem nie, maar deur die deur van jou lewe. Nie deur die poorte van Jerusalem nie, maar deur die deure van kerkgeboue. Nie met geweld nie, maar met genade. Nie om jou te oorheers nie, maar om jou te red. Die vraag is: Sal jy Hom herken? Sal jy saam met die skare net vir ’n oomblik “Hosanna” roep… of sal jy Hom volg – selfs wanneer die pad na die kruis lei?

Mag ons vandag weer met oorgawe sê: Hosanna!

---

Nie omdat ons dink Hy gaan alles doen soos ons wil hê nie, maar omdat ons glo Hy is die ware Koning.

Hosanna! Here, verlos ons tog van ons sonde!
Amen.

## SLOTSANG: Kom loof die Here (staande) VONKK 84: 1-3.

## SEËN: Staan

Gesang 268 + Psalm 134: 1-2 + Gesang 268